# Hoe Klink Jou Loflied?



**2025-08-10**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Jes 38:1-5

Jes 38:1  In dié dae het Hiskía **dodelik siek geword**; en die profeet Jesaja, die seun van Amos, het by hom gekom en vir hom gesê: So spreek die HERE: Gee bevel aan jou huis, want jy sal sterwe en nie lewe nie.

38:2  Toe draai Hiskía sy **gesig na die muur**, en hy het tot die **HERE gebid**

38:3  en gesê: Ag, HERE, dink tog daaraan dat ek voor u aangesig in trou en met 'n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed is in u oë. En Hiskía het bitterlik geween.

38:4  Toe het die woord van die HERE tot Jesaja gekom en gesê:

38:5  Gaan sê vir Hiskía: So spreek die HERE, die God van jou vader Dawid: **Ek het jou gebed gehoor, jou trane gesien; kyk, Ek sal vyftien jaar by jou dae byvoeg,**

38:6  en Ek sal jou uit die hand van die koning van Assirië red en ook hierdie stad; en Ek sal hierdie stad beskut.

2

**Rom 14:8 Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.**

2Kor 12:8 Hieroor het ek die Here drie maal gebid, dat hy van my sou wyk.

2Kor 12:9 En Hy het vir my gesê: **My genade is vir jou genoeg**, want my krag word in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon.

3

# Hiskia was ‘n aanbidder

2Kron 29:5 en vir hulle gesê: Luister na my, Leviete! Heilig julle nou, en **heilig die huis van die HERE,** die God van julle vaders, en bring die onreinheid uit die heiligdom uit;

2Kron 29:30 Daarop gee koning Jehiskía en die owerstes aan die Leviete **bevel om die HERE te prys** met die woorde van Dawid en van Asaf, die siener; en hulle het met blydskap die lofsang aangehef en gebuig en aanbid.

2Kron 29:30 Daarop gee koning Jehiskía en die owerstes aan die Leviete bevel om die HERE te prys met die woorde van Dawid en van Asaf, die siener**; en hulle het met blydskap die lofsang aangehef en gebuig en aanbid.**

4

## Die lewe kan vinnig verander

Jes 38:10 Ek het gesê: **In die bloei van my dae moet ek heengaan** in die poorte van die doderyk; ek word beroof van my orige jare.

Jes 38:11 Ek het gesê: Ek sal die HERE nie sien nie, die HERE, in die land van die lewendes; ek sal die mense nie meer aanskou onder die inwoners van die wêreld nie.

Jes 38:12 My woning is opgebreek en van my af weggevoer soos 'n herderstent; ek het my lewe opgerol soos 'n wewer sy weefsel; Hy sny my van die wewersbalk af; van dag tot nag gee U my prys.

**Hoe klink jou loflied terwyl jy nog kan?**

5

## Soek die Here se beloftes vir jou. Spreek lewe!!

Jes 38:15 **Wat sal ek spreek**, aangesien Hy my dit beloof het en Hy self dit gedoen het? Ek sal soetjies voortgaan al my jare vanweë die bitterheid van my siel.

Jes 38:16 Here, by hierdie dinge leef 'n mens, en geheel en al is daarin die lewe van my gees: **laat my dan gesond word en laat my lewe**!

**Jou siel leef – Prys Hom**

6

## Onthou waaroor dit gaan.

**Jes 38:17** Kyk, tot heil het die bitter, ja, bitter lyde my geword; maar U, **U het my siel liefgehad** en getrek uit die kuil van vernietiging. **Want U het al my sondes agter u rug gewerp.**

**Redding van ons siele**

**God se liefde**

7

## Die wat lewe prys die Here

Jes 38:18 **Want die doderyk sal U nie loof nie, die dood U nie prys nie**; die wat in die kuil neerdaal, sal op u trou nie hoop nie.

Jes 38:19 **Die lewende, die lewende, dié sal U loof**, soos ek vandag; die vader maak aan die kinders u trou bekend.

Jes 38:20 **Die HERE staan gereed om my te verlos**; daarom sal ons op my snaarinstrumente speel al die dae van ons lewe, by die huis van die HERE.

**Is jy ook geestelik lewendig?**

8

# Prys die Here – selfs openlik
# Hy moet tot in ewigheid geprys word

Hand 3:9  En die hele volk het gesien hoe hy daar loop en God prys

Rom 15:9  en dat die heidene ter wille van sy barmhartigheid God kan verheerlik, soos geskrywe is: Daarom sal ek U loof onder die nasies en tot eer van u Naam psalmsing.

10  En ook sê Hy: Verbly julle, o nasies, saam met sy volk;

11  en ook: Loof die Here, alle nasies, en prys Hom, alle volke.

Rom 1:25  ...... die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen.

Psa 115:18  maar óns sal die HERE prys, van nou af tot in ewigheid. Halleluja!

9